

# GEHEIM SECRET

NOTAS OOR GESPREK MET HOOFBESTUUR VAN SWANU OP 12 MEI 1987

*Handwritten signature and initials: H.G. wank...*

## INLEIDING

1. Kennis van standpunte ingeneem tydens bogemelde ontmoeting wat 3½ uur geduur het, mag **nuttig** wees met die oog op die **ontmoeting** tussen die **Staatspresident** en die SWA-Kabinet op 22 deser.
2. Minister Katjiuongua en Adjunk-minister Tjijorokisa was vergesel van 9 ander hoofbestuurslede waaronder die 2 lede op die Konstitusionele Raad.
3. Alhoewel sterk **krities en agterdogtig** op die RSA en AG se motiewe met laasgenoemde se optrede en openbare uitsprake, het die gesprek beredeneerd verloop en in 'n baie **goeie gees afgesluit**.
4. Die afskeidswoorde van Veii, een van die KR-lede, was: "Moet u nie met die hele KR praat soos vanaand nie?"

## STANDPUNTE

5. T.O.V. DIE OPDRAG AAN DIE VEELPARTYKONFERENSIE EN DIE OORGANGSREGERING EN INMENGING DEUR DIE AG
  - 5.1 Die VPK het in **Kaapstad** in April 1984 'n dramatiese **ooreenkoms** bereik. Na aanleiding daarvan het die Staatspresident aan die Oorgangsregering volle gesag oorgedra.
  - 5.2 Dit het gesag, om 'n **grondwet op te stel**, ingesluit.

GEHEIM  
SECRET

- 5.3 Die SWA-partye het verstaan dat die **RSA nie sou inmeng nie**. Met sy uitsprake oor verbreding van die magsbasis en beskerming van minderheidsregte **meng die AG in** en skep hy die indruk dat die SWA-partye **nie vry is om self te besluit nie**.
- 5.4 Dit lyk of Ian Smith van Rhodesië reg was toe hy gesê het dat 'n mens die **Suid-Afrikaners nie kan vertrou nie**.
- 5.5 Die SWA-partye in die VPK het die RSA se hand gevat, nie die Kalangulas en die Garoëbs nie. Die VPK-partye is die **RSA se bondgenote**. Nou word hulle deur die AG rondgestoot en verneder.
- 5.6 Deur sy uitsprake tas die AG die **beeld van gesag** van die Oorgangsregering aan en speel hy in die hande van die vyande wat die Regering as marionette van die RSA uitmaak.
- 5.7 Die AG speel eerder sy rol as verteenwoordiger van die RSA as sy rol as seremoniële hoof van die Oorgangsregering. Daardeur **beklemtoon hy die koloniale gesag**.
- 5.8 Deur sy optrede skep hy die indruk dat, nie die Oorgangsregering nie, maar Kalangula & Kie die werklike meerderheid en bondgenote van die RSA is.

6. T.O.V. DIE VERBREDING VAN DIE MAGSBASIS -

# GEHEIM SECRET

-3-

- 6.1 Dit word erken dat die Oorgangsregering **nie verteenwoordigend** genoeg is nie en die buitestaande partye is welkom om te kom aansluit, maar hulle sal nie kom nie.
- 6.2 Die redes is dat hulle -
- 6.2.1 Soos Garoëb, op **twee stoele** wil sit waarvan een 'n **SWAPO-stoel** is;
- 6.2.2 Soos Kalangula, net glo in een demokratiese proses en dit is **VNVRR 435 (1978)**;
- 6.2.3 Hulle **onaantasbaar** in hul **AG 8/80-etniese** owerhede sit en geen verantwoordelikheid het om met die Oorgangsregering te skakel of daaraan verslag te doen nie. Hulle sal al die geld vat wat hulle kan kry, maar geen samewerking teruggee nie.
- 6.3 Voor die totstandkoming van die VPK het **SWANU talle inisiatiewe** onderneem om Garoëb, Kalangula en Ngondo te betrek. Garoëb was 'n ruk betrokke, terwyl Kalangula arrogant-onbeleefd negatief opgetree het. Ngondo kon net nie vasgepen word nie.
- 6.4 Hulle is **nie t.g.v. etniese verkiesings** om buitestaanders te betrek nie. Dit sal die begrippe etnisiteit, "Bantustan"-regerings en apartheid asook die gevoel van selfgenoegsaamheid van die buitestaande leiers binne hul onafhanklike koninkryke versterk.
- 6.5 Die strategie moet wees om by wyse van grondwethervorming **die AG 8-koninkryke ongedaan** te maak, magsbasiswaas van die onwilliges onder hul voete weg te neem en sodoende vir hulle te dwing om te kom onderhandel.

4/ .....

GEHEIM  
SECRET

7. T.O.V. MINDERHEIDSREGTE -

- 7.1 Die **Swart gemeenskappe** het lank gebuk gegaan onder **apartheidstrukture** soos Bantustans, Bantoeonderwys, aparte geriewe. Niks wat op apartheid lyk sal in die nuwe grondwet geduld word nie.
- 7.2 Daarom is die **AG 8-owerhede volkome onaanneemlik**. Geen verbloeming daarvan soos deur die NP-SWA voorgestel, sal binnelands aanvaarbaar wees nie.
- 7.3 Geen struktuur wat lyk soos 'n **oorplanting uit die RSA-rassepolitiek** sal internasionaal aanvaarbaar wees nie.
- 7.4 Die **NP-SWA** toon **geen buigsaamheid** in die Konstitusionele Raad nie omdat dit glo dat die **RSA sal ingryp** om die Blankes te red.
- 7.5 Die **RSA** word van 'n "hidden agenda" verdink, nl. dat dit net die kwessie van minderheidsregte opper om die **NP-SWA en die Blankes te beskerm**.
- 7.6 **Genoeg beskerming** word ingebou in die grondwet met veelparty-verkiesings, 'n Handves van Fundamentele Regte, 'n Ombudsman, 'n onafhanklike Hooggeregshof en 'n Konstitusionele Hof.

**REPLIEK DEUR AG OP SWANU-STANDPUNTE**

8. SWANU maak hom skuldig aan 'n **oorreaksie en oorsensitiwiteit**. Die politieke pendulum word nou te ver na 'n ander kant geswaai. Die oorreaksie geld t.o.v. -

- 8.1 Die AG se gewraakte optredes;
- 8.2 Die AG se standpunte oor meerderheidsbetrokkenheid; en
- 8.3 Beskerming van minderheidsregte.

**SE TOESPRAKE EN OPTREDES**

- 9.1 Hy het in Julie 1985 in Windhoek gekom en gevind dat daar **min kommunikasie** tussen hom en die Oorgangsregering was. Hy het ook opgemerk dat **wesenlike partye buite** die Oorgangsregering staan.
- 9.2 Op sy inisiatief is **14 daagse-skakeling met die Voorsitter** van die Kabinet ingestel en op RSA-inisiatief is **bilaterale kabinetskomitees** tussen die RSA en SWA geskep.
- 9.3 Hy het ook kontakte met **buitestaande leiers**, Kalangula, Garoëb en Ngondo gemaak met die oog op hul intrekking by die Oorgangsregering.
- 9.4 In persoonlike kontakte met Kabinetsministers het hy vir bykans 'n jaar formeel en informeel **versoeningsinisiatiewe** tussen die buitestaande leiers en die Oorgangsregering **bepleit, sonder** enige teken van positiewe **reaksie**.
- 9.5 Gevolglik het hy in oorleg met en die goedkeuring van die Staatspresident in **openbare toesprake** opmerkings oor die verbreding van die magsbasis begin maak: 17 Junie 1986, 1 September 1986 en 16 Oktober 1986.

- 9.6 Intussen het die **Staatspresident** self in geen onduidelike taal nie op 15 Oktober 1986 'n dergelike boodskap aan die SWA-Kabinet gegee en bygevoeg dat **minderheidsregte** beskerm moet word.
- 9.7 Verdere **gebrek aan reaksie** of selfs aan 'n poging om indringend met die AG oor die twee onderwerpe in gesprek te tree, het aanleiding gegee tot die **toespraak van 24 Februarie** 1987 wat die Staatspresident se goedkeuring geniet het.
- 9.8 Die AG beoog nie die verkleinering of selfs aftakeling van die Oorgangsregering nie. Tewens, met sy aandrang op **meerderheidsdeelname** beoog hy juis die **versterking van die legitimiteitsbeeld** daarvan, beide binne- en buitelands.
- 9.9 Hy begryp die destabiliserende effek wat toelating van buitestaanders op die **Oorgangsregering** mag hê, en stel dus **nie die verbreding daarvan** in vooruitsig nie, maar wel die **verbreding van die konstitusionele proses**.
- 9.10 Die AG se toesprake moet versigtig gelees word. Woorde is versigtig gekies en daar moet **nie sensitief oorgereageer** word deur bybedoelings daarin te lees nie. Daardeur word in die hande van vyande gespeel. Buitendien staan die deur dag of nag oop vir enigeen wat vrae wil opklaar. Daar word ongelukkig verkies om met verkeerde persepsies te volhard.

**DIE AG SE STANDPUNTE OOR MEERDERHEIDSBETROKKENHEID**

- 10.1 Uiteindelik moet 'n **meerderheid teen SWAPO** stem. Dit moet solank gevorm word. Bowendien word 'n **rewolusionêre oorlog** 20% militêr en 80% polities gevoer. Vir 'n suksesvolle politieke stryd is die ondersteuning van 'n meerderheid nodig.
- 10.2 Deur buitestaanders geheel en al te **ignoreer** is daar gevaar dat hulle in die **arms van SWAPO** of die pleitbesorgers van resolusie 435 sal wegdryf.
- 10.3 Die AG wil partye **inspireer om te onderhandel**. Hy was nie bewus van vorige pogings van SWANU in die verlede nie. Hy weet self dat die buitestaanders hulle **nie maklik laat kompromitteer nie**. Daar word nie kant gekies vir die buitestaanders teen die Oorgangsregering nie, maar vir 'n meerderheid.
- 10.4 Die eerste metode om verbreding te verkry is **onderhandeling**. Dit moet deur alle partye onderneem word, nie net die AG nie. Hy stel voor dat verskonings gesoek word om buitestaanders na die **onderhandelingstafel te lok**, soos bv. die heronderhandeling van die **subsidiëringsformules**.
- 10.5 Mits oor 'n aanvaarbare alternatief vir AG 8/80 as metode vir die beskerming van minderheidsregte ooreengekom kan word, is die AG ook bereid dat voorstelle oor **die afskaffing van tweedevlak-magsbasisse** gebruik word om die buitestaanders tot onderhandeling te skok.

- 10.6 Indien onderhandelings na 'n redelike tyd nie slaag nie, sal **verkiesings**, hetsy regionaal of nasionaal, as 'n metode oorweeg moet word.

**MINDERHEIDSREGTE**

- 11.1 Die RSA is **nie voorskriftelik nie** wat betref 'n **bepaalde model** vir die beskerming van minderheidsregte. Die AG het **geen opdrag** om die **status quo**, AG 8/80, of die **Blankes** te beskerm nie.
- 11.2 Die geldigheid van die **beginsel** van die beskerming van minderheidsregte in 'n **multi-etniese** of multi-kulturele gemeenskap word slegs gestel, soos wat dit in talle beskaafde gemeenskappe uitgekristaliseer het, bv Switserland en België. Etnisiteit **moet nie oorbeklemtoon** word sodat nasionale eenheid skade ly nie, maar dit is ook totaal **onrealisties om dit te ignoreer**.
- 11.3 Dis ook **oorreaksie** om alle grondwetlike **skeiding as apartheid** af te maak. Dan moet Switserland ook skuldig wees aan apartheid.
- 11.4 Enige beskerming moet gepaard gaan met 'n waarborg i.v.m. die **verdeling van staatsinkomste na behoefte**.
- 11.5 Behalwe AG 8/80 is daar federale strukture, gemeenskapsrade, konsosiasie en **ander grondwetlike modelle**. Die RSA het geen voorkeur nie; dit moet net



**GEHEIM  
SECRET**

-9-

doeltreffend werk. So bv. is die **Kwa-Natal-grondwet** te lig bevind, alhoewel verantwoordelike Afrikaner-leiers in SWA bereid is om dit te oorweeg. Die AG is selfs bereid om die Kwa-Natal-voorstelle as 'n **vertrekpunt in onderhandelinge** met die partye van die Oorgangsregering te gebruik!

\*\*\*

**GEHEIM  
SECRET**